

Hoofstuk: 5 Paragraaf: 15.	Teks	1933/53-vertaling	1983/91-vertaling
<p>Hierdie leer van die volharding van die ware gelowiges, dit wil sê die heiliges, en van die sekerheid daaroor, het God tot eer van sy Naam en tot troos van die gelowiges uitvoerig in sy Woord geopenbaar en in die harte van die gelowiges ingeprent. Die sondige natuur verstaan hierdie leer nie, die Satan haat dit, die wêreld bespot dit, onkundiges en huigelaars misbruik dit en dwaalgeeste bestry dit. Die Bruid van Christus het dit egter altyd as 'n skat van onberekenbare waarde innig liefgehad en dit volhardend verdedig. God sal sorg dat die kerk dit ook in die toekoms doen. Teen God kan geen beplanning stand hou nie, nog minder kan geweld iets teen Hom vermag. Aan hierdie enige God, Vader, Seun en Heilige Gees, kom toe eer en heerlikheid tot in ewigheid. Amen.</p>	Psalm 33:10-11	Die HERE vernietig die raad van die nasies, Hy verydel die gedagtes van die volke. Die raad van die HERE bestaan vir ewig, die gedagtes van sy hart van geslag tot geslag.	Die Here verydel die planne van die nasies, Hy laat hulle besluite op niks uitloop. Maar die planne van die Here staan vir altyd vas, sy besluite van geslag tot geslag.
	Efesiërs 5:32	Hierdie verborgenheid is groot, maar ek sê dit met die oog op Christus en die gemeente.	Hierin lê daar 'n diep geheimenis opgesluit, en ek pas dit toe op Christus en die kerk.
	1 Petrus 5:10-11	En mag die God van alle genade self, wat ons geroep het tot sy ewige heerlikheid in Christus Jesus, nadat ons 'n kort tyd gely het, julle volmaak, bevestig, versterk en grondves! Aan Hom die heerlikheid en die krag tot in alle ewigheid!	God wat alle genade gee en wat julle geroep het om in Christus Jesus deel te hê aan sy ewige heerlikheid, sal julle, nadat julle 'n kort tydjie gely het, self weer oprig en julle moedig, sterk en standvastig maak. Aan Hom behoort die krag tot in ewigheid! Amen.
	Openbaring 14:12	Hier kom die lydsaamheid van die heiliges te pas; hier is hulle wat die gebooe van God en die geloof in Jesus bewaar.	Hier het die gelowiges volharding nodig, hulle wat die gebooe van God nakom en in Jesus bly glo.